DIE OLIELAMP

Nasionale Jeugblad van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Redaksioneel

KONGRESUITGAWE

Dit is al weer Kongrestyd!
Vir baie van ons jeug is dit een van die hoogtepunte van die jaar. Dit is mos 'n hoogtepunt om lekker te kuier en gesels met ander jeug van ons kerk?! Kongres gee 'n mens altyd daardie geleentheid om baie ander mense te leer ken, en ook om saam as jeug die eenheid wat ons in die Here het, uit te leef.
Kongres gaan daarom oor gelowiges wat saam hulle tyd wil geniet, meer wil leer van die Here en van mekaar, saam wil sing, grappe maak ens. Dit is dus definitief 'n belangrike deel van ons jeug se jaarprogram.

Daarom het ons dit ook die tema van hierdie uitgawe van die jeugblad gemaak. As redaksies van die verskillende kerke het ons besluit dat ons tema-uitgawes kan uitbring om aandag op 'n spesifieke onderwerp te plaas. Hierdie keer is dit die kongres wat net om die draai is.
Deur hierdie blad wil ons julle lusmaak vir Kongres, en die wat nie kan gaan nie sommer nog meer spyt maak daaroor! Die lekker van so 'n gesamentlike jeugblad is dat ons nou

Inhoud

Fokus op die Kongres			
Wat dink jy van die kongres?	Die doel van die Kongres	Nonka Byker	3
	Die gees op kongres	Ernst van Vondel	4
	Kongresliefde	Johannes de Vries	5
		Riaan van Alten	5
	Kongresouers		7
	Christus-fees	Axel Hagg	7
Jeugverenigings			
JV Sola Fide	Prinses by Die Poort	Nonka Byker	8
Maranata	Gedagtes		9
	Vrede	Annemarie de Vente	9
Pretoria	Homoseksualiteit	Albert Smit	10
JV Rehoboth	Oorsig	Maaike en Diana	11
	Projekte ’97	Maartje	12
Rondvraag			
Voorstudiemateriaal vir Kongres	Seksualiteit en verhoudings	Hermie Boessenkool	13
	Rook, drink, eet	Ronald Meeske	15
	Politiek en Christenwees	Hans Meeske	16
	Christen as gebalanseerde mens	Wolter Bijker	17
	Die dood en hiernamaals	Joop de Vente	18
Algemeen	Kongres inligtingsblad		19
	Verjaarsdae		19
	Toegangsroete na die kongresterrein		20

saam oor die dinge kan dink wat so belangrik vir ons almal is.
Dus al gaan jy (hierdie jaar!) nie Kongres toe nie, is daar vir jou dinge om te lees en te oordink. Hoe gaan ons as jeug met mekaar om? Wat is belangriker by jeugaktiwiteite (soos die Kongres), om te gesels oor die geloof of om te "social" met mekaar? Of hoort dit bymekaar?

En so is daar nog baie vrae oor ons jeuglewe, wat ons hier spesifiek wil betrek op Kongres. Want een ding moet ons goed onthou: *Kongres is altyd 'n weergawe van hoe dit in ons jeug gaan!* As dit goed gaan met ons 51 weke se Jeugvereniging en omgang met mekaar, sal dit ook goed gaan op Kongres. Maar andersom is ook waar. Goeie vrugte kom nie van 'n slegte boom nie.

Redaksies:

Pretoria:
Redaktrise: Marieke de Wit (sedtdw@persetel.co.za)
Sekretaresse: Iemke Buenk (ibuenk@juta.co.za)
Penningmeester: Johan Moes
Lede: Rinus Kamphuis
Tineke de Vries
Tegnies: Bijker Broers (dieolielamp@usa.net)

Maranata:
Redakteur: Johannes de Vries
Penningmeester: Gerjan Hagg
Lid: Axel Hagg (hagga@acinfo.up.ac.za)

Kaapstad:
Redakteur: Jopie v/d Linden
Penningmeesteresse: Christine v/d Linden & Mirjam
Lede: Maartje Eefting
Dirk Boon
Tegnies: Erik van Alten (luctor@ilink.nis.za)

Johannesburg:
Redaktrise: Nonka Byker (nonka@global.co.za)

Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar is by die volgende tydelike internet adres:
http://members.tripod.com/~wapenrusting/

Koste: R35 per jaar

Ons het in hierdie uitgawe van die jeugblad probeer aandag gee aan 'n hele klomp van die dinge waarmee 'n mens op Kongres in aanraking kom, soos ontgroening, kongresouers ens. En dan ook dinge wat jouself aangaan: Met watter ingesteldheid gaan jy Kongres toe? Wil jy net jouself in alles voorop plaas? Besef jy nog wat die doel van Kongres is? Ja, dit is nie altyd so maklik om 'n antwoord daarop te gee nie. Daarom het ons sommer 'n klomp mense gevra om daaroor vir ons te skryf. Dan kan ons saam weer daaroor nadink voor ons Kongres toe gaan.

Dit beloof in elk geval om 'n wonderlike Kongres te wees! En as uitbundig-bly en tegelyk ook gehoorsame kinders van die Here kan ons ook verseker wees van Sy seën.

Wel, verder is dit nou die tweede uitgawe van die jeugblad. Dus nog maar aan die begin van alles. Die naam is nog nie gefinaliseer nie, en klomp ander dinge moet nog oor gepraat word. Soos oor Johannesburg se deelname, gaan julle ook help bou aan die jeugblad? Ons het ook julle idees en artikels nodig! Ons hoop as redaksies om in Desember weer te vergader. Enige voorstelle of probleme wat julle ondervind moet julle asb. vir ons deurgee, want ons het natuurlik altyd die lesers se terugvoering nodig. Kom ons werk dan ook aan die blad, deur dit te lees, daaroor te gesels, te reageer, en veral ook daarvoor te bid. So 'n middel wat die Here vir ons gegee het moet ons goed gebruik tot opbou van sy jeug hier in Suid-Afrika.

Namens die redaksie van Kaapstad
Jopie v.d. Linden

Die redaksie van *Die Olielamp* wens al sy lesers 'n geseënde Kersfees en voorspoedige nuwe jaar toe

DIE DOEL VAN DIE KONGRES…?

Nonka Byker

'n Baie belangrike vraag. Want bo en behalwe die feit dat ons as jeug van die VGKSA bymekaar kom om te ontspan, het die kongres 'n definitiewe **doel**. En om die doel te verstaan *en te bereik* moet ons allereers besef dat ons die kongres uit die Genadige Hand van ons Vader ontvang, dat ons dit nie maar net as vanselfsprekend mag aanvaar nie. Die Here was vir ons almal goed in hierdie jaar: ons het almal gesondheid geniet, ons kon 2 keer op die Sondag na Sy huis optrek om Sy Woord te hoor, Hy het ons mildelik geseën deur ons lid van 'n JV binne 'n gemeente te maak. Ons mag daar Sy Woord bestudeer, mekaar leer en opbou in die geloof, mekaar sterk. Nie uit onsself nie, maar deur **Sy Genade en Sy Liefde**.

En nou mag ons die kongres sien as die kroon op ons werk. Dat ons as jeug bymekaar mag kom, mekaar mag leer, mekaar mag opbou, mekaar mag sterk. Dít is die doel van die kongres. Dit is nie net 'n doel nie, maar 'n *taak*, 'n opdrag van die Here. Ons mag nie daaraan ongehoorsaam wees deur ligtelik daarmee om te gaan nie! Laat ons daarom God steeds biddend vra of Hy die kongres sal seën, ons samesyn, ons ontspanning, ons groepsbesprekings. Dat Hy die Here sal wees van ons sit en opstaan, dat ons Hom mag **eer** met hierdie kongres - in *alles* wat ons doen.

Die jeug van die VGK Johannesburg het hierdie jaar die voorreg gehad om die kongres te reël. Dus 'n kort opsomming van wat julle kan verwag:

Daar is hierdie jaar geen referate (in die ou sin van die woord) nie. Ons het dit goed gedink om werkswinkels of *workshops* hierdie jaar op die proef te stel. In kort beteken dit dat daar nie meer "globaal" na 'n referaat geluister sal word nie, maar dat ons van die begin af in kleiner groepe opgedeel sal word van ±15 mense per groep. In groepsverband sal daar dan na 'n workshop gegaan word. Ons het 6 aanbieders wat al van April af "geskool" word in die aanbied van 'n workshop - julle kan kwaliteit verwag! En 'n workshop hou in dat daar *bespreking* sal plaasvind - tydens die aanbieding, maar ook 1:1 met mekaar. Die workshops is van korte duur - so ±2 ure elk. Daar is twee workshops in die oggend (dit is te warm op die eiland om in die middag effektief te kan konsentreer!) en een workshop in die aand, van 6:30 tot ongeveer 8:30. Die onderwerpe is as volg (met voorstudiemateriaal elders in hierdie blad):

- Seksualiteit, jou verhouding met die teenoorgestelde geslag
- Jou liggaam is 'n tempel van God - mag ek rook?, mag ek drink?, hoe eer ek God in my verhouding? Dit is die tipe vrae waaroor ons soms baie wonder en in hierdie workshop sal ons saam 'n antwoord daarvoor soek. (Dit sluit soms nou aan by die bg. onderwerp)
- Is ons belydenisgeskrifte tydsgebonde? (Lees meer hieroor in die vorige uitgawe van "Die Olielamp" waar br. H. Snijder reeds 'n artikel geskryf het en die nodige voorstudiemateriaal deurgegee het).
- Christen Patriotisme in die Nuwe SA - hoe staan jy vas in Christus in 'n land wat Hom al minder eerbiedig?
- Die dood en die hiernamaals - wat beteken dit om as kind van God tot sterwe te kom? Waarin lê ons troos as ons nie kan treur soos hulle wat geen hoop het nie?
- Die Christen as gebalanseerde mens - hoe leef jy dit wat jy van God in Sy Huis leer uit as jy studeer, as jy werk, as jy ontspan? In jou verhouding met ander mense, ook die ongelowiges?

Ons het hierdie jaar 'n druk program, maar daar is ook oorgenoeg tyd om te ontspan. Die RAU Eiland is 'n natuurreservaat met wildlewe en wandelroetetjies om te onderneem. Ons wil julle aanmoedig om van die geleentheid gebruik te maak! Want om (soos Calvyn dit gestel het) die skriftuur te ontdek deur die bril van die natuur is 'n gawe van God. Hy bring ons onder die besef van Sy Almag in die natuur en daarvoor kan en moet ons Hom opreg dankbaar wees!

Om die doel van die kongres te verstaan en te bereik moet ons allereers besef dat ons die kongres uit die Genadige Hand van ons Vader ontvang

Die datum van die kongres is DV 22-26 Desember 1997. Graag nooi ons julle ook na die sangaand op 21 Desember 1997 na die aanddiens in Johannesburg, waar ons mekaar al op informele wyse kan ontmoet. Dit sal goed wees as ons almal saam die Here mag loof en Hom mag bid om ons kongres te seën!

Elders in die blad vind julle die voorstudiemateriaal vir al die workshops. Dit is ons wens dat elkeen erns sal maak met die voorstudie, sodat ons sinvolle besprekings mag hê. As ons die kongres (en voorstudie!) begin vanuit die standpunt dat ons die Here daardeur wil eer, dan kan dit tog nie anders nie! Dan wil ons dit ook nie anders nie! Mag ons die Here bid om hierdie begeerte in ons harte te wek!
As enigiemand enige navrae het, moet asseblief nie huiwer om die ondergetekene te skakel nie.

Onthou! Wees asseblief betyds by die vertrekpunt van die ferrie - dit is effens onmoontlik om vir 'n volle dag heen en weer te ry (vaar) en daarom wil ons die ritte beperk tot die minimum.

ONS SIEN UIT NA JULLE KOMS OM TE KAN SÊ: *WELKOM BY KONGRES '97* AANGEBIED DEUR DIE JEUG VAN JOHANNESBURG!

Bid sonder ophou die Here om Sy seën!

DIE GEES OP KONGRES

Ernst van Vondel

Hoekom gaan ons Kongres toe? As jy my een jeuglid kan aanwys wat op hierdie vraag sal antwoord: "Lekker referate, ou pêl, ek kan nie meer wag nie," gee ek jou 'n stokkielekker. Nee, maar dit is ook nie die bedoeling nie. Ons mag maar uitsien na die lekker jol. Maar wat maak ons Kongres dan anders as enige ander kamp waarop jy al was?

Wel, ons kom as jeug van die VGK bymekaar om te ontspan, ja, maar ook om met mekaar te deel wat ons oor die wydte van ons land bind – ons geloof en lidmaatskap van die VGK. En juis om hierdie rede is dit so toepaslik dat ons dan ook referate of selfs "workshops" (soos ons Johannesburgse lede dit wil hê) by so 'n kongres het.

Wat kan ons leer en oefen by Kongres? Ek ervaar dat dit vir myself en ons jeug dikwels moeilik is om op sosiale vlak met mekaar oor ons geloof te praat. In 'n sekere sin is dit ook wel logies – ons is nog jonk. Maar tog is dit iets wat ons moet aanleer sodat dit later meer spontaan kan gebeur. En daarom skep 'n kongres ook 'n ideale atmosfeer om hierdie twee baie versoenbare dinge te kombineer.
Hoe moet ons met mekaar omgaan? Ek sou dit ook as 'n eienskap wil sien wat ons Kongres dan anders maak as ander kampe. Dit is baie lekker om saam met jou pêlle te beplan van hoe jy gaan "party", maar as jy daar is het jy tog ook 'n ekstra verantwoordelikheid. Iets wat ons tog altyd moet hê en weereens by Kongres kan aanleer.

En dit is om na mekaar om te sien. As jy agterkom dat iemand 'n bietjie buite die groep staan, of dit reeds voorheen weet, moet ons as kinders van God ook moeite doen om mekaar te betrek. Hier bied Kongres ook 'n mooi geleentheid om mekaar beter te leer ken en die wat jy maar min sien, te betrek.

Ons sien almal uit na 'n lekker Kongres, maar dit sal eers werklik 'n sukses wees as almal dit kan geniet en voel - ja, ons as jeug en kinders van God kan saam van baie geniet en ook baie vir mekaar beteken.

Aan almal wat gaan: "Party on" en kom ons maak die Kongres vir ander en onsself 'n groot sukses!!

KONGRESVERHOUDINGS

Johannes de Vries

Het jy gehoor hy en sy gaan nou uit? Dit het op die kongres gebeur! Dink jy dit gaan werk? Hoe lank sal hy hierdie keer hou? Hulle pas nie regtig by mekaar nie.

Is dit nie wat ons somtyds rond nuwejaar hoor nie? Hoe moet ons hierteenoor staan?

die kongres is 'n ideale plek waar jong kerkmense mekaar kan leer ken

Die Kongres is 'n ideale plek waar jong kerkmense mekaar kan leer ken. Dit is makliker om met iemand van die teenoorgestelde geslag te gesels omdat almal baie meer ontspanne is en daar verskillende dinge saam gedoen word. Die mooie wat daarby is, is dat dit wat saam gedoen word nie net sport of ontspanning is nie, maar ook bybelstudie en die bespreking van referate. Jy leer die ander dus ook meer op geestelike gebied ken.



Die kongres kan ook 'n goeie beginpunt wees vir 'n verhouding. Dit kan net dit wees wat nodig is om die eerste ys te breek vir dir begin van 'n gesonde verhouding. 'n Gesonde liefde soos wat Christus met ons van lankal af al het (Deut 4:37). Daar kan egter ook negatiewe aspekte by betrokke wees.

Die kongres kan mens partykeer verplig voel om 'n vriend of vriendin te vra as lewensmaat terwyl die spesiale vriendskap wat daar bestaan miskien nog tyd nodig het. Soos daar ook in Hooglied 2:7 en 8:4 staan:"Moenie die liefde wakkermaak of opwek voordat dit die liefde behaag nie". Die kongres moet nie die idee skep dat dit ten doel het om 'n 'vryvriend/in' vir die week te kry nie. Dit sou dan heeltemal verkeerd wees. Ons moet mekaar steeds bly respekteer en met liefde behandel soos wat God ons ook met liefde behandel 2 Kron 2:11. En wie wil nou met 'n 'afgelikte boterham' uitgaan?

Leef jouself uit op kongres. Geniet die dae van jou jonkheid. Geniet dit soveel jy kan, maar gaan veral ook om dit vir ander aangenaam te maak. Gaan om nuwe vriende te ontmoet, om die ander mense wat jy altyd net sien (bv. by die kerk of skool) regtig te leer ken. Miskien kan jy 'n probleem wat hulle het help oplos of kan hulle jou weer op 'n ander manier help. So kan mens mekaar op 'n ander vlak leer wardeer en wie weet miskien is daardie ou of meisie baie 'nicer' as wat jy regtig gedink het . . .

IS DIT OM DIE HONDJIE OF OM DIE HALSBANDJIE ?

Riaan van Alten

'n Klompie jeug van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika trek weereens op na die jaarlikse Jeugkongres wat hierdie jaar in Gauteng gehou word. Daar is die Pretorianers, Johannesburgers en die Kapenaars. Sommige is nuwe gesigte, wat nog nooit by 'n kongres was nie, maar die meeste is maar weer daar. Wat is dan die rede vir hierdie jaar se koms ? Gaan dit nou om die Referate (werkswinkels), die ontspanning, of is dit maar om 'n liefde te gaan vang.

Waarom is daar so iets soos 'n kongres?
22 Jaar gelede het die lede van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dit goed gedink om 'n Jeugkongres te hou om geloofsbande te smee waar hulle referate gehou het en saam gepraat het oor die geloof. Dit is presies wat ons na soveel jare nog doen. Dus kan ons sê, as gevolg van die geloof en die bande wat ons daardeur smee gaan ons elke jaar kongres toe. Of gaan ons liewers kongres toe om ander bande te smee? Is dit nie dalk liefdesbande nie?

Liefdesbande
Na 'n kongres is daar altyd 'n hele aantal paartjies te bemerk, maar daar is ook van hulle wat gebroke harte het, wat nie hierdie jaar suksesvol was om 'n liefde te kon kry nie. Die eerste ding wat ons ouers dan vra na so 'n kongres is : “Is jy verlief?” Baie mense van die Vrye Gereformeerde Kerke sê dat 'n kongres 'n huweliksmark is. Is dit so? Is dit verkeerd?

Wat sê die Bybel oor liefde
Kom ons gaan kyk eers wat daar in die Bybel staan oor die liefde, liefhê en verlief wees. As ons net na Hooglied toe blaai, lees ons duidelik dat die meisie “krank is van die liefde.” Verder staan daar hoe sy droom oor haar Bruidegom (Hooglied 3:1-5) en hoe hulle mekaar besing (Hooglied 4,5,6). Noudat ons al hierdie gedeeltes gekyk het, kan dit dan verkeerd wees om kongres toe te gaan, met die doel om 'n meisie / ou te kry ? Maar ook sê Hooglied vir ons om nie die liefde wakker te maak of op te wek, voordat dit die liefde behaag nie. Dit is vir ons 'n duidelike waarskuwing dat die liefde nie kunsmatig opgewek moet word nie, maar spontaan moet opwel.

Kongresliefdes
Ons het nou gesien dat liefde en om verlief te wees nie verkeerd is nie. Dus mag mens krank wees van die liefde. Ook op kongres mag dit gebeur. God het dit vir ons gegee.Aan die anderkant moet dit nie ons doel voor oë wees as ons kongres toe gaan nie. Jy moet nog steeds in die geloof kongres toe gaan om mekaar as gelowige jongmense te vind. Kongres is wel 'n goeie geleentheid om op 'n gelowige wyse 'n lewensmaat te vind.
Laat ons ook met die regte doel voor oë hierdie jaar kongres toe gaan, en dit nie as 'n huweliksmark sien nie, maar as die liefde dit behaag, laat ons dit opwek. Liefde tussen twee mense is 'n gawe van God.

Geniet die kongres

DIE KONGRESOUERS

Die Kongresouers vir Kongres 1997 in Johannesburg is Aart en Hermie Boessenkool en Gert en Sandra Postma.

Ons sien almal baie daarna uit om saam met die verskillende JV's se jeug Kongres te hou. Met julle saam te beleef, te ondersoek en te leer, om van die Kongres te kan huis toe gaan met antwoorde en met nuwe en verfrisde geloofsoortuigings.

Ons sal daar wees om saam te leer en te geniet… en as dit nodig mag wees hulp en leiding te gee in situasies wat nie deur die JV-leiers opgelos kan word nie.

Ons hoop dat almal wat die Kongres gaan bywoon dit saam met ons gaan geniet; die onderwerpe, die ontspanning en ook die kos!!!!!

Groete,
Die Kongresouers '97

CHRISTUS-FEES

Axel Hagg

Dit word tans die kongresete genoem, maar wat was vroeër die naam vir dié vyfster-maaltyd wat altyd tydens kongres gehou is? Ja, jy's reg. Dit was die Kersete. Die naam laat baie mense se mae draai, want nou moet "partners" gevra word. Maar besef ons altyd dat dit hierdie dag is wat ons lewens gedraai het. Dit het ons lewens gedraai weg van die modderige slyk van die dood na die glansende lig van God se redding. Kom ons fokus 'n bietjie op hierdie dag.

Lees Lukas 2:25-35

Aan die einde van elke jaar, vir die afgelope ongeveer 1900 jaar, word die geboorte van Christus herdenk. Ons noem dit Kersfees. Maar wat het die geboorte van 'n Joodse baba-seuntjie êrens in die Midde-Ooste, amper 2000 jaar gelede nou met my en jou te doen? Watter invloed het Sy GEBOORTE vandag nog op ons lewe? Kom ons hoor wat Simeon se mening hieroor is, en probeer dan begryp hoe hierdie Christus-fees (eerder as Kersfees) ons lewe nog elke dag beïnvloed en vir ons 'n vreugdevolle fees mag wees!

Ondanks die verdorwenheid van die Joodse volk in daardie tyd, was daar tog nog vromes en opregtes wat God getrou gedien het en wat verlangend uitgesien het na die koms van die beloofde Messias. Hulle het die vertroosting van Israel-die redding deur die Messias- verwag. Deur regstreekse openbaring deur die Heilige Gees is aan Simeon bekend gemaak dat hy nie sou sterwe voordat hy die beloofde Messias, die gesalfde Verlosser, met sy eie oë gesien het nie. Na die Heilige Gees as't ware eeue lank geswyg het, spreek Hy nou weer omdat die nuwe Verbond gekom het.

Of Simeon reeds van die skaapwagters of deur iemand anders verneem het van die wonderbaarlike gebeurtenis m.b.t. die geboorte van Jesus, weet ons nie. In alle geval het God hom op die regte tydstip die tempel laat binnegaan en aan hom geopenbaar dat die babaseuntjie in waarheid die Messias is.
En dan volg sy woorde wat vir ons van baie belang is. Hy kondig as't ware die roeping van die kindjie, wat ook vandag ons roeping is, aan. Sy woorde bevat die babaseuntjie se roeping as Profeet, Priester en Koning.

"...tot 'n val en opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word..." Is dit nie 'n tipiese kenmerk van 'n profeet nie? Het nie baie mense in die Ou Testament geval en opgestaan a.g.v die woorde van die profete nie, bv. Dawid tydens sy owerspel met Batseba? Is die profete se profesië nie gereeld teen gespreek nie? En hierdie babaseuntjie kom as die Groot Profeet om alles te vervul!

As Priester kom hierdie babaseuntjie die volmaakte offer bring, die offer tot redding van alle mense wat in Hom glo:
"...tot verligting van van die nasies..."

En verder sy roeping as koning, Koning van Israel en van die hele wêreld:"Dit is Immanuel, die Vors van Israel..."
Vredevors, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, God met ons!

Ons sien dus hier dat Simeon veel meer deurgee van die geboorte van Jesus, as die oppervlakkige winkel Kersfees-reklame van vandag. Hy gee Christus se roeping deur. En ons s'n. Want in alle verwondering van God se verlossingswerk, kan ons nie met ons hande in ons sakke bly staan nie. Ons vreugde moet nie net in ons harte wees nie, maar ook in ons dade uitkom. In ons roeping vandag as profete, priesters en konings in hierdie wêreld.

Mag hierdie Christusfees nie vir ons 'n oppervlakkige wêreldfees wees nie, met blinkertjies, kersfeesboompies en niksseggende geskenkies nie, maar 'n vreugdevolle fees waar ons, onder ons Vredevors, meewerk na Sy wederkoms eendag op die wolke!

Hou dít in gedagte op kongres.
Geseënde Christusfees!

Jeugverenigings

JV Sola Fide

PRINSES BY DIE POORT

Nonka Byker

Kort na Prinses Diana van Wallis se dood, verskyn die volgende artikel in *Die Beeld* (en ook in die gemeenteblad van die VGK Bethal). Vir die wat dit nie daar gelees het nie…

DIANA, die Romeinse godin wat nie net as Jaggodin bekend is nie, is deur die Romeine en Grieke van die antieke tyd aanbid as die godin wat onder meer haar onderdane versorg en beskerm het. Sy is vereer as die een wat oor siekes gewaak en almal in hul nood bygestaan het.
Opvallend was dit ook dié uitstaande kenmerk van Diana, die Prinses van Wallis, wat die afgelope week telkens beklemtoon is. Miskien is dit een van die groot redes waarom hierdie jong vrou se dood wêreldwyd betreur word. Sy het vir baie 'n simbool geword van iemand wat omgegee het vir alle mense wat eensaam was en gely het.
Nou is alles hier op aarde egter vir Prinses Diana verby.
En ons het weer tot 'n besef gekom van die dood wat op ons almal wag en die noodsaaklikheid dat ons almal hier - nie net die paparazzi nie - ander mense se privaatheid en lewens moet respekteer.
Ek hou gewoonlik nie van stories oor Petrus en die toegang tot die hemelpoort nie. Maar die afgelope week stuur 'n Engelse kollega wie se kerk in Wimbledon elke Sondag stampvol aanbidders is, aan my 'n faks in dié verband. Ek pas dit effens aan by alles wat ons vandag in die koerante lees.
'n Beeldskone jong vrou van adellike afkoms het voor Petrus verskyn en gevra om toegelaat te word in die hemel.
"Goed, kom ons kyk of jy kwalifiseer vir toelating. Jy moet 100 punte daarvoor hê.
Noem my 'n paar positiewe dinge waarmee jy punte kan verdien," het Petrus gesê.
"Ek was 'n belydende lidmaat van die kerk, en het gereeld by amptelike, maar ook ander geleenthede, kerkdienste bygewoon," het sy geantwoord. "Goed, daarvoor kry jy vyf punte," was Petrus se kommentaar.
"Verder kom ek self uit 'n gebroke huis, maar het aan my kinders al die liefde en sorg gegee waartoe 'n moeder in my omstandighede in staat was."
Daarvoor het sy nog vyf punte gekry. Verder nog drie punte vir die feit dat sy siekes en armes besoek het. En nog twee punte omdat sy altyd vriendelik en bedagsaam probeer optree het.
"Genade, het ek net 15 punte? En ek moet 100 punte hê! Dit lyk my net die genade van die Here kan my in die hemel bring!" het die vrou uitgeroep.
"Ja," het Petrus geantwoord. "Die res van die punte kan jy net uit genade ontvang. En as jy dít glo, kan jy maar inkom…"

GEDAGTES

Gebed moet die sleutel wees bedags en die slot snags

I said to the man who stood at the gate of the year: "Give me a light, that I may tread safely into the unknown."

And he replied: "Go out into the darkness and put your hand into the hand of God. That shall be to thee better than light and safer than a known way"

Hou jou glimlag vir jou vyand, jou trane vir jou vriend, jou hart vir jou ewemens, jou oordeel vir jouself en jou gewete vir jou God

Geen kruis, geen kroon.

Musiek is al wat ons in die hemel van die aarde sal terugvind. - J.S. Bach

Blom waar jy geplant is.

As die boekrol sluit, open die hemel.

one life...
it'll soon be past
only what's done for Christ...
will last

Help jou vriend se kruis dra, en jy sal verbaas wees hoeveel ligter jou eie word.

Hy wat ophou bid, hou op met groei.

VREDE

Annemarie de Vente

Markus 5:34 " ... Gaan heen in vrede."

Die Vredevors waarvan die blye engele sing, het gekom om die see van beloftes waar te maak - Hy bring vrede vir jou hele lewe en ook vir die wat altyd met God veg en nie dors na die Lewende Water wat vir almal moes ly in die diepste duisternis: die hel.
Maar as elke golf van ons lewe flikker van vrede, sal die ander dit raaksien en dit soek soos na 'n skat wat weggesteek is in die aarde.

Vrede op jou lewenspad -
Dit is om jou te laat lei aan Sy hand en in tye wanneer rotse mens stukkend breek, skuil dan in die holtes van die Here se vrede. Tel die strand vol seëninge wat uit genade op jou lewe drup en skyn 'n lig vir almal wat jou pad kruis.

Verbondsvrede -
Die verbond wat God met ons opgerig het vanaf die oomblik dat die lewe ontspring het, is die anker van hoop en dit bly staande as jy Hom vra om jou keer op keer honger en dors te maak vir nagmaalsfees.

Vrede met die ewigheid -
Dis in eb en vloed die verlange na die dag wanneer die Vader die wêreld-storm stil, Jesus die hemelslot breek en neerdaal op die wolke, wat saam met die see sal saamvloei in 'n kristal-helder rivier op die nuwe aarde.

HOMOSEKSUALITEIT

Albert Smit

Reeds in Genesis lees ons oor die voorkoms van homoseksualiteit in Gen 19:5 lees ons: "Waar is die manne wat vannag nog na jou gekom het? Bring hulle na ons toe uit, dat ons hulle kan beken …" Hier is dit die manne van Sondom wat met Lot spreek en vra na die twee Engele.

Die Bybel neem egter 'n baie duidelike standpunt in teenoor homoseksualiteit. In Lev. 18:22 lees ons: "met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos met 'n vrou nie. Dit is 'n gruwel." In Rom 1 skryf Paulus ook van mans en vrouens wat die "natuurlike verkeer" van gemeenskap met die ander geslag verruil het vir die van hul eie geslag. God het die mense dan ook oorgegee aan 'n slegte gesindheid.

Vandag in Suid-Afrika hoor ons baie oor die menseregte. Die wetgewing is huidiglik so dat enige geslag, ras, taal en kultuur gelyke regte in ons land het. ('n Mens het egter geen reg op aarde nie. Alles wat hy hier kry is 'n voorreg wat hy van God ontvang.) As alle mense nou gelyke regte het, het die homoseksueles ook.

In 'n koerant wat by die Universiteit van Pretoria uitgegee word ("Die Perdeby") is 'n tydjie terug 'n klomp artikels geplaas oor homoseksualiteit en gay's en wat die studente se menings was oor die onderwerp. Aanhalings soos "gelyke regte" en "die mens mag nie oor 'n ander oordeel nie" is gebruik om die saak te regverdig.

Uit die Bybel is dit baie duidelik dat homoseksualiteit verkeerd is. Maar wat doen of sê ons indien ons in kontak kom met die persone.

In 'n artikel wat ek gelees het word die mens beskryf as 'n "kuddewese". Die mens wil nie graag alleen wees in die lewe nie. In Gen 2:18 lees ons: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal 'n hulp maak wat by hom pas." So, vir die mens om die verlange te hê om saam te wees is nie verkeerd nie.

Wat nou as die verlange na dieselfde geslag is? In die kerk kom daar ook mense voor wat die verlange na dieselfde geslag het. In ons oë is hulle net nog nie getroud nie. Die mense dra egter 'n moeilike geheim binne in hulle en sal nie gou daaroor praat nie, oordat hulle bang is vir onbegrip of veroordeling. Die persone het ook 'n verlange na 'n lewensmaat. Die verlange is afkomstig uit die sondeval en is verkeerd. Voor die sondeval het God man en vrou saam verbind.

Ek het 'n ruk terug die voorreg(?) gehad met 'n homoseksuele paartjie te praat. Beide beklee 'n goeie posisie in die lewe en lei 'n normale lewe net soos ek en jy. Aanvanklik het ek nie geweet dat hulle homoseksueel is nie. Soos ek hulle beter leer ken het, het die dinge duidelik vir my geraak. Ek het dan ook openlik met hulle daaroor gesels.

Om terug te kom na my vraag van vroeër. Wat sê 'n mens en wat is jou optrede teenoor sulke persone? Die eerste geneigtheid is om die mense af te skiet en te veroordeel. Tog moet 'n mens begrip toon vir hulle situasie. Ons is immers almal in sonde ontvang en gebore en die sonde sal met ons bly tot die koms van Christus.

Direkte veroordeling is dus nie die regte optrede nie. Gesels met die persoon. 'n Persoon wat die verlangens ervaar en die sonde daarvan insien moet deur ons ondersteunword: ons moet vir hulle bid. Die stryd teen die sonde kan baie swaar wees, maar deur die gebed en die krag van God kan baie vermag word. Die persone wat egter nie die sonde daarvan insien nie en in die sonde volhard, moet met die tug geslaan word.

Volgende keer as die sake aangespreek word of iemand praat met jou daaroor moet dit nie ligtelik afwerp of veroordelend optree nie. Toon begrip maar wys die persoon ook op die regte pad, soos vir ons duidelik in die Bybel uitgestip word.

Jeugvereniging '97

Die Jeugvereniging het tot 'n einde gekom en in die artikel gee ons 'n oorsig oor wat ons hierdie jaar gedoen het.

Hier volg 'n paar menings van die nuwelinge:

Dit was lekker om met 'n nuwe groep mense verder te leer van die Bybel en van die Here. Ek het baie geleer van die ouer jeug. Ook het ek dit baie geniet om met mense van dieselfde Hemelse Vader te ontspan. Ek sien uit na volgende jaar!
-Sonja-

Wel, my bevinding was: Ek het baie geleer en dat my geestelike lewe verryk is deur die onderwerpe wat behandel is. Ek het die jaar baie geniet, in die opsig dat die jeug onder mekaar goed oor die weg kom en dat hulle ons eerstejaars laat tuis voel het. Al die ontspanning wat hulle gereël is was ook baie lekker.
-Clara-

Van die onderwerpe wat ons op JV bespreek het, het my weer opgeroep om volgens die wil van God te lewe. Wat vir my baie beteken het, is om te weet dat ander ook met probleme sit en dit gee mens net weer die krag om voort te gaan en te weet jy is nie alleen nie.
-Karen-

Ander menings:

Ek dink ons kan met gemengde gevoelens terugkyk na hierdie jaar se JV-vergaderings. Sommige vergaderings was geslaagd, ander het nooit werklik aan die gang gekom nie. Ek dink die grootste probleem was 'n gebrek aan voorstudie by baie mense. Ander vergaderings was weer op 'n baie teoretiese vlak, wat bo sommige mense se vuurmaakplek is en veroorsaak het dat net sekere persone deelneem. Ek dink daar moet in die toekoms dalk meer praktiese onderwerpe gekies word, sodat almal iets uit die vergadering kan kry. In die algemeen kan mens tog by elke vergadering iets leer, en ons kan die Here baie dankbaar wees vir hierdie geleentheid wat Hy aan ons gee om mekaar te versterk in die geloof.
-Floris-

Vir my persoonlik het die JV baie verbeter. Die besprekings by vereniging word nou meer prakties aangebied en so raak die Jeuglede ook meer betrokke. Ek het die voorsitters van die jaar baie geniet. Hulle het hulle werk goed gedoen. Daar kan onder die jeug beter voorstudie gedoen word. Dit sal die besprekings baie meer betekenis gee.
-Geerarda-

Ontspanning
Die hele jeug is so te sê sosiale vlinders soos ons van die een na die ander sosiale bedrywigheid "gevladder" het. Ons het afgeskop met 'n ontspannende Saterdag by v/d Lugt se strandhuis in Sandbaai. Daar het ons geswem, gebraai en onsself geniet.
Daarna het al die maltrap jeuglede hulself vermom om deur die jong jeug gesoek te word. En 'n paar het seker gemaak hulle word nie gesien nie. Erik van Alten het ietwat van 'n geslagsverandering ondergaan. Ronel het 'n geloofsverandering ondergaan (Moslem!) en Marié was hoog swanger (Gelukkig nie!). Ons het die aand by Ronel afgesluit met 'n heerlike Chinese braai (die kos was nie halaal nie).
Ons het ook die hoogtes bestyg deur Leeukop te gaan beklim (en daar kon ons ongelukkig nie opfladder nie). Nadat ons heel romanties die sonsondergang en maanopkoms bewonder het, het ons weer – onder die indruk van Gods grote skepping – die terugtog in die volmaan aangedurf. Die safari-ete was ook 'n groot sukses. In ons ma's en pa's se ou klere uit die sixties en pa se ou musiek het ons van huis tot huis gegaan om 'n vyfgang maaltyd te geniet. Party se voete het begin jeuk van die ruk-en-rol musiek en het die dansbaan by Maartje-hulle aangedurf met oom Jan as DJ.
So tussen die braaie en koffiedrinke deur en met bogenoemde as hoogtepunte het ons 'n fantastiese sosiale jaar agter die rug. Ons hoop om dit perfek af te sluit deur die 5e Desember 'n bietjie weg te breek vir 'n naweek in Moreesburg. Ons dank ons Vader vir 'n jeug wat so lekker en so mooi met mekaar kan omgaan, ook op sosiale vlak Dit is gawe wat ons nooit moet onderskat nie.

Maaike en Diana

PROJEKTE 1997

Kaapstad het die afgelope jaar 'n paar projekte gehad. Om skulde te delg, geld in te samel, maar ook vir die saamwees. Dan was daar ook die Durbanville-projek onder leiding van Maaike, wat geensins met geldmaak te doen het nie.

Na verlede jaar se kongres in die Kaap het ons met skuld gesit om af te betaal. Dadelik is aan die werk gespring om geld in te samel. Die eerste geleentheid vroeg in die jaar is deur Cor Molenaar geskep. Hy het ons die helfte van sy stalletjie aangebied by 'n prettrap naby Bellville Stadion. Dit was 'n suksesvolle dag. Daar was hard gewerk van die oggend vroeg tot laat middag. Al was dit 'n reënerige dag het alles glad verloop. Jopie het óór die honderd Bar Ones verkoop met sy glimlag en Christine Scheltens het een roomys verkoop, ten spyte van die koue. Baie dankie aan die harde werkers en natuurlik aan Cor vir die kans.



Die daaropvolgende twee projekte is deur die Gereformeerde Laerskool aan ons gegee. Eers was daar die slootgraweprojek. Die jeug moes vir die skool slote grawe en pype lê vir die sportgrond se dreinering. Manne (en meisies!) het ingeklim en gehelp. Christine van der Linden, Mirjam en Magda het die manne 'n ding of twee gewys. Die orige meisies het vir kos en koffie gesorg. Dankie weereens vir die lekker saamwerk.

Daarna het ons vir die skool 'n stoep gelê. Reën het veroorsaak dat ons partykeer moes uitstel. Marco se bakkie is ingespan om die sand aan te ry. Hy was nou nog om die ding skoon te kry nadat Gerrit en Frank

uitgevind het hoeveel pret dit is om met sand te gooi. Verder het alles goed verloop. Dit was redelik vinnig afgehandel. Dankie aan die Gereformeerde Laerskool vir nog 'n geleentheid om geld in te samel.

Daar was nog 'n projek, die Durbanville-projek soos ons dit noem, wat 'n heel ander doel het as die vorige projekte. Jeuglede onder leiding van Maaike Raimond doen goeie werk by 'n plaasskooltjie in Durbanville. Elke tweede week word daar sport met die kinders gedoen waarna daar 'n Bybelverhaal vertel word en die kinders besig gehou word.
Maaike: *"Die kere wat daar kinders opgedaag het vir sport op Saterdae was baie geslaagd. Dit het ook dikwels gebeur dat daar nie kinders opgedaag het nie. Maar so iets moet jy verwag as jy dit aanpak en nie idealisties daaroor wees nie. Tog is daar definitief 'n behoefte by die kinders aan die aktiwiteite wat ons vir hulle aanbied. Daarom sal ons voortgaan daarmee. Ons wil graag 'n groot kersafsluiting met die kindertjies hou en almal van julle wat betrokke wil raak, is hartlik welkom. Kontak net vir Maaike. Binnekort sal daar 'n vergadering gehou word oor die projek en spesifiek die afsluiting asook die planne vir volgende jaar. Tot dan vra ons aan almal om hierdie projek in hul gebede aan God op te dra, want dit is uiteindelik die belangrikste omdat ons net instrumente in God se hand is."*

Ons kon hierdie jaar weer saamwerk as jeug. Dit was goed om die gevoel van samehorigheid te bou, geld in te samel, die Woord aan kindertjies te bring, maar bo alles om as jeug van God besig te wees tot Sy eer.

Kondvraag

Voorstudiemateriaal vir Kongres '97

SEKSUALITEIT EN VERHOUDINGS MET DIE TEENOORGESTELDE GESLAG

Hermie Boessenkool

Elke normale gesonde mens, het sy man of vrou, is 'n lewende bewys van die waarheid van die bybelse uitspraak: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie" (Gen 2:18). Want elke sodanige mens het 'n geweldige aangetrokkenheid tot die persone van die ander geslag. Die ander een is vir jou 'n wonder, het vir jou 'n nimmereindegende bekoring en is tot 'n baie groot hoogte die sentrum van jou hele wêreld.

Dit is die natuurlikste ding in die wêreld. Dit moet so wees. So het God ons tog gemaak. Dit is Sy groot geskenk aan die mens. Ons is 'n geskenk wat aan mekaar gegee word. Ons ontvang mekaar sodat ons vir mekaar tot 'n hulp kan wees (Gen 2:18), sodat ons mekaar kan liefhê en in mekaar se arms rus kan vind. Ja, mens kan amper liries word hieroor. Ons word vir mekaar 'n hand om aan vas te hou, 'n bors om teen te skuil, arms waarin ons gehou kan word, 'n oog waarin ons die weerkaatsing van ons eie liefde kan sien.

Ons word lewensmaats. Watter rykdom van betekenis lê daar nie in hierdie woord nie! Ons is maats vir 'n leeftyd. 'n Leeftyd saam as maats. Maats, om alles saam te ervaar, alles saam te doen. Maats om saam die vreugde te smaak om saam te lei, saam te bou aan 'n toekoms, saam die bitter van teleurstelling te proe, saam te wen, saam te verloor.

Maar voordat dit gebeur, voordat ons mekaar en onsself vir mekaar gee, loop elkeen van ons 'n baie lang pad. Somtyds 'n moeisame pad, dikwels 'n wonderlik opwindende pad, altyd 'n gevaarlike pad. Dit is pad waarlangs jy soek na jou maat, daardie een aan wie jy jouself met vrymoedigheid sal gee en wie jy net vir jouself wil hê.

Mens betree hierdie pad op daardie wonderlike oomblik as iemand van die teenoorgestelde geslag vir jou begin mooi word, Dit is werklik 'n wonderlike ding wat gebeur. Dit is as'ts ware 'n rewolusie in die lewe van elke mens. Ewe skielik een dag, sommer so uit die bloute, begin 'n ander een vir jou mooi word. Vroeër was dit nie so nie. Vroeër was jy normaalweg tevrede met vriende van jou eie geslag. Die ander was ook daar maar jy het

jou nie veel aan hulle gesteur nie. Hulle was maar daar. Dan, eenklaps is dit anders. Jou oë gaan oop, jy sien die ander een raak en jou lewe sal nooit weer dieselfde wees nie. Jy sal nooit weer daarmee tevrede wees om alleen te wees nie.

Hierdie wonderwerk vind gewoonlik vroeg in die lewe plaas. Dit gebeur normaalweg wanneer die mans nog kortbroek dra en die vrouens nog langbeenskooldogters is. Vroeg in die lewe, as ons nog maar seuns en dogters is, wil ons nie meer alleen wees nie. Dan wil ons vriende hê, dan wil ons nooi en kêrel wees, dan wil ons “kys’. Al is ons “klein”, wil ons met mekaar 'n verhouding hê. Ons het ook 'n behoefte daaraan. Dit is oor hierdie verhouding wat ek graag 'n bietjie wil gesels.

Ek begin deur iets positiefs te sê - iets wat van my hart moet afkom. So 'n verhouding tussen 'n ou en 'n meisie is 'n mooi verhouding. Dit is mooi, want dit is vol verwondering. Verwondering is een van die kern elemente in die liefde tussen man en 'n vrou. Miskien is dit selfs nog die kern element. Ongelukkig is dit egter ook die element in die liefde wat gewoonlik die eerste verdwyn. Wanneer mense gewoond begin raak aan mekaar, wanneer hulle verveeld begin raak met mekaar is die verwondering die eerste slagoffer. Dit is gewoonlik die aanvang van die sterwe van die liefde en die eerste skoot in die verbrokkeling van baie huise. Daarom bring die verhouding tussen 'n ou en meisie altyd 'n glimlag vir die een wat dit as toeskouer waarneem - daarom is dit as't ware balsem vir die gees - want dit is pure verwondering. Hulle is vir mekaar wonderlik. Niemand wat twee sulke verliefde duifies by mekaar gesien het sal ooit die waarheid van so 'n stelling kan betwyfel nie. Hulle is letterlik vir mekaar 'n nuwe ondervinding. 'n Nuwe avontuur. Hulle is besig om mekaar te ondek.

Dit behoort tog duidelik te wees hoe waardevol dit is. Hulle ontdek nie net mekaar nie, maar in mekaar ontdek hulle ook die ander geslag. Maar dit gaan nog verder: Hulle ontdek hullleself ook. En dit is miskien nog die belangrikste van alles. Hulle raak bewus van magte en kragte in hulle eie liggame waarvan hulle vantevore nooit bewus was nie. Hulle ontdek emosies in hulleself wat vroeër onbekend was. Hulle ervaar ook kwesplekke in hulle hart waarvan hulle tevore nooit gedroom het nie.

So gesien, is hierdie verhouding 'n leerskool van geweldige waarde. Dit is 'n leerskool waar die ou en meisie voorberei word vir die grootste avontuur en uitdaging van hulle lewe - daardie dag wanneer hy of sy gaan begin saamleef met die huweliksmaat van hulle keuse.

Die keuse van die huwelikmaat is menslikerwys gesproke die belangrikste keuse wat jy ooit moet maak. Daardeur kan jy (weereens menslikerwys gesproke), jou toekomsgeluk verseker, of van jou latere lewe loutere hel maak. Hoe kan jy so 'n belangrike keuse maak sonder een of ander norm? En vanwaar haal jy die norm as hy nie darem so 'n bietjie kennis het nie? Jou onskuldige verhoudings van “kalwerliefde” rus jou hiervoor toe. Want daar doen jy kennis op - kennis van al die sake wat in die spel kom wanneer twee mense in 'n verhouding van verliefdheid en liefde (die twee dinge is nie dieselfde nie!) saamgevind word.

Gesien hierde sake glo ek is die ou/meisie verhouding nie iets wat sommer vanuit die staanspoor verdoem en ontmoedig moet word nie. Dit moet eerder met groot begrip en liefde gelei word. Daar kan veel wat goed is daaruit tevoorskyn tree.

Maar nadat dit alles gesê is, moet daar tog ook nog iets anders van die hart af kom. Hiedie keer iets met 'n negatiewe kleur. Maar dit moet gesê word. Die verhouding tussen 'n ou en 'n meisie kan ook bitter gevaarlik wees - en kan eindelose smart tot gevolg hê. Dit is 'n avontuur, hierdie verhouding. Dit het ons mos al gesê. Ons ontdek mekaar en ons ontdek onsself. 'n Nuwe wêreld gaan voor ons oop. 'n Betowerende wêreld. 'n Wêreld met asemrowende moontlikhede. Niemand mag ooit so onrealisties wees as om die aanloklikheid van hierdie nuwe droomwêreld te probeer verdoesel nie. Dit is asof mens deur 'n poort inbeweeg na 'n vreemde land waar die verruklike vergesigte na alle kante voor jou oopvou. Dit daag jou uit om van naderby te kom kennis maak. Die gevaar bestaan dat ons te nuuskierig word, dat ons te veel te gou wil gaan ontdek. Elke mens sal hiervan kan getuig. Die gevaar bestaan dan dat ons, in stede van die vreugde wat die vergesig ons bekoor het, die smart gaan ontdek, en dat wat mooi kan gewees het, vir ons net die leed bring.

Die groot vraag wat beantwoord moet word - die groot probleem waarvoor die ou en meisie te staan kom is: Hoe moet ek hierdie nuwe magte en gewaarwordinge waarvan ek in my liggaam bewus word hanteer en verwerk? Hoe moet ek daarmee saamlewe sonder dat dit vir my 'n vloek pleks van 'n seën word? Elke ou en meisie kom in hierdie situasie. Wanneer hulle nog boonop in een of ander

liefdesverhouding met mekaar verwikkeld raak, betree hulle 'n gevaarsone waar die rooi lig onophoudelik flikker.

Hierdie gevaarsone waarvan ek melding gemaak het, is die terrein van die seksualiteit. Laat niemand tog vir 'n enkele oomblik dink dat die adolsent nie hiermee moeilikheid het nie. Want hy ontdek in hom die ontwaking van 'n nuwe drang - iets wat hom roep om bevrediging. Die ou en meisie is nie meer net vir mekaar mooi nie - hulle word ook vir mekaar aanloklik. Daar ontwikkel 'n baie sterk wederstrydige seksuele aantrekkingskrag. So word die behoefte tot 'n meer intieme verhouding aan beide kante sterker - en so maklik loop alles van die spoor af.

Weereens dan nou die vraag van die adolsent: Hoe moet ek dit hanteer? Die antwoord hierop is vir hom lewensbelangrik. Wat sal ons vir hom sê: Gaan jou gang en geniet wat daar te geniete is, ondersoek en beproef alle dinge? Stellig nie. Net 'n dwaas sal dit doen. Die gevolge hiervan sou te skrikwekkend in hulle implikasies wees.

Maar wat moet ons dan sê? Ons sal met die Woord van God in die hand moet opvoed en lei en help. Die plek van seks in die lewe van die mens; die betekenis van die huwelik en die verantwoordelikheid te opsigte van die huweliksgenoot moet onbeskroomd vanaf die eerste simptome van kalwerliefde met die adolsent bespreek word. Wanneer hy oud genoeg is om verlief te raak, is hy oud genoeg om van alles te weet. Hier is net 'n laaste woord gepas: Daar moet diepe begrip wees vir probleme van die ou en meisie wat verlief is. Hulle moet gehelp word in hulle mooi avontuur, dit wat vir hulle soveel kan beteken om te hou. Dan is daar immers die hoop dat dit mooi sal bly totdat hulle in hulle huwelik ook eendag mooi vrugte daarvan kan pluk.

Deur Ds G C Velhuysen
Sien julle by die kongres.

MY LIGGAAM DIE TEMPEL VAN DIE HEILIGE GEES : ROOK, DRINK, EET

Ronald Meeske

1 Kor 6: 19 & 20

> *"Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het,en dat julle nie aan julle self behoort nie?*
> *Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort"*

Woon die Heilige Gees in my liggaam? JA
Is my liggaam die tempel van die Heilige Gees? JA

Elke Christen kan met vrymoedigheid op die bogenoemde vrae antwoord.

Maar kom ons kyk waar kom die liggaam en gees vandaan. In Genesis 2 het God die mens se liggaam uit die stof van die aarde geformeer en daarna die asem van die lewe daarin geblaas. "So dan het die mens 'n lewende siel geword"(Gen 2:7). Die mens is na die beeld van God geskape (Gen 1:26) en in Lukas 3 : 38 lees ons in die geslagsregister van Jesus dat Adam die seun van God was. Per implikasie is ons almal afstammelinge van God. As Skepper het God eienaarskap van die liggaam en is dit 'n kunswerk waarop hy trots is (Gen 1:31).

Die liggaam behoort wesenlik tot die mens en is nie 'n blote toevoegsel tot of aanhangsel by die mens nie. Die liggaam is die konkrete bestaanswyse van die mens op aarde. Wie die mens van sy liggaam losmaak, laat die mens verdwyn, maak hom dus dood en verander daardeur sy bestaanswyse.

As die Seun van God mens word, neem hy ook die menslike liggaam aan (Joh 1:14, Fil 2:7) Die liggaam sal uit die dood opgewek en verheerlik word (Joh 5:28 & 29, 1 Kor 15:44). Die grond vir hierdie opwekking en verheerliking is die liggaamlike opstanding van Jesus . Teen hierdie agtergrond vra Paulus die vrae in die inleidende teks aan die Korinthiers en in Rom 6:13 "*En moenie julle lede stel tot beskiking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julle self tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in diens van God"*.

Die mens word onder buitengewone groot verantwoordelikheid ten opsigte van sy liggaam geplaas. Hierdie verantwoordelikheid kan teologies en antropologies begrond word. Die teologie - trinitariese begronding bestaan uit die feit dat die Vader die liggaam geskep het, die seun die liggaam aangeneem en in die menslike liggaam ook sakramenteel in die tekens van brood en wyn nog aanwesig is, en dat die Heilige Gees die liggaam as sy tempel bewoon.Die antropologiese begronding is geleë in die feit dat die mens na die Beeld van God geskep is en geroep word om God ook met sy liggaam te dien. Hierdie verantwoordelikheid ten opsigte van die liggaam beteken konkreet dat die mens alles moet doen om die gesondheid van sy liggaam moet bevorder. Paulus sê in Efese 5:29 dat jy nie jou liggaam mag haat nie maar dit moet voed en versorg en alles moet nalaat wat die gesondheid skaad.

Dit beteken ten eerste: gesonde eet gewoontes, behoorlike kleding, doeltreffende behuising, gereelde oefening, higiëniesse leefwyse, ens.

Ten tweede beteken dit die negatiewe van die bogenoemde byvoorbeeld : Misbruik van drank, verslawing aan sigarette en dwelms, obsesiteit ens.

As christen moet ek dus verstaan wat God van my verwag in 'n christelike lewenswyse in die gemeenskap waar Hy my geplaas het ten opsigte van sport, rook, drink, seks, eet, televisie, fliek, disco‘s ens.

Omdat die direkte onderwerpe van rook, drink en eet aan my gegee is wil ek graag hê julle moet my daarmee help. Ek wil graag hê julle moet die volgende vrae vir die kongres voorberei :

- Mag ek as Christen rook ?
- Hoe moet ek as Christen eet ?
- Kan ek as Christen drink ?
- 'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees, is dit waar?

Moet nie vergeet om Bybelse gronde ter stawing van jul antwoorde te gee nie .

NS Bring asseblief 'n gesonde liggaam en gees saam!

Survival packs sal verskaf word

Bronne:

- Die Bybel
- Teologiese Etiek Dr J A Heyns 1982
- Christelijke Levenstijl Dr J Douma 1993

POLITIEK EN CHRISTENWEES: “WATTER KOERS?”

Hans Meeske

Met die opskrif “Watter koers” het die *Kompas* van September 1997 op sy voorblad gevra hoe dit moontlik is dat ons gereformeerdes so uiteenlopend dink en reageer ten opsigte van politiek.

Dit was na aanleiding van die vorige maand se tema uitgawe “In Afrika” waarin 'n verskeidenheid van uiteenlopende opinies gehuldig was.

Dr. J.W. Meijer het in die redaksionele stuk voorgestel dat daar mettertyd dalk 'n konferensie gehou word om daardie koers te bepaal.

Die Jeugkongres van 1997 kan dalk op 'n beskeie manier saam help dink oor hierdie politieke uiteenlopenheid, sonder om hom die reg toe te eien van 'n leidinggewende konferensie oor hierdie onderwerp.

Hierdie kort oorsig wil graag probeer om die voornemende kongresganger tot verdere nadenke te stem waaroor dan verder besin gaan word tydens die kongres.

Twee tipes uiteenlopenheid

Daar was twee tipes uiteenlopenheid sigbaar in die verskeidenheid van artikels en die meningspeiling gepubliseer, naamlik:

Eerstens:

WAT IS ONS VERANTWOORDELIKHEID OF ROEPING:

Aktiewe betrokkenheid om deelname aan politieke bedrywighede om met ywer en toewyding aksie te soek.

Of

Stil en rustig (gehoorsaam) ons werk en ontspanning met oorgawe te doen en ons reis op aarde te voltooi.

Tweedens:
DIE UITEENLOPENDE POLITIEKE KEUSES

In die meningsopname wat deur Martin de Wit in *Kompas* (Aug. 1997) gepubliseer is, is daar 'n groot uiteenlopenheid sigbaar in die politieke keuses wat gemaak word:

Nasionale Party steun: 26%
Geen party steun: 22%
ANC steun: 19%

Tydens hierdie werkswinkel by die 1997 Jeugkongres, wil ons oor hierdie sake saam besin en probeer om 'n Christelik verantwoorde uitkoms te bereik.

DIE CHRISTEN AS GEBALANSEERDE MENS *(TOV KERK, WERK EN SOSIAAL)*

Wolter Bijker

Ons moet gebalanseerde mense wees - sekerlik en dit wil ons ook sekerlik almal wel! Natuurlik moet ons gemeentelike aktiwiteite meer inhou as (net) kerk toe gaan. As ons ons naaste lief het (soos onsself), dan kom die sosiale aspek natuurlik (ook) aan die orde. Selfs in ons werk wil ons ook gebalanseerd wees - Dit is “in” gebalanseerd te wees.

Maar wat hou “gebalanseerd wees” in? Dat almal dieselfde is? Was dit “verkeerd” dat Einstein of Edison nie “gebalanseerd” was nie? Waar pas die verskeidenheid van geestelike gawes (Rom 12) dan in? Wat is gebalanseerd? Wat is die norm?

As ons “gebalanseerd wees” wil meet aan uiterlike gedrag, dan moet ons verseker ook kyk na faktore wat ons gedrag beïnvloed, soos kultuur en wêreldbeeld. Omdat ons in Suid Afrika leef, wil ons ook kyk na aspekte waar ons westerse kultuur verskil van die Afrika kultuur. Is daar 'n “regte” kultuur? Hoe distilleer beide groepe hieruit 'n Christelike lewenswandel? Dink julle 'n Christelike lewensstyl kan van kultuur losgemaak word, dws dat alle Christene dieselfde lewenswyse het?

Wat wêreldbeeld betref: hoe sluit die bekendste tekste uit die OT en die NT by mekaar aan? (Gen 3:15 en Joh 3:16). Totius is van mening dat laasgenoemde teks oor die algemeen hoogs egoïsties misbruik word. Hoe verstaan julle hierdie teks?
Hoe verstaan julle II Pet 3:3-7? Wat het dit te make met die algemene opvatting dat die Here die aarde deur die proses van evolusie geskep het?
Ons gaan ook 'n bietjie kyk na Op 12, waar daar die wêredgeskiedenis in vier “video clips” aan ons voorgehou word. Wat hou dit alles in?

Wat is “sonde”, en waaraan meet ons dit.
Wat leer die bergpredikasie ons?
Hoe dra ons vrug?
Gal 5:20 praat van “vrug” (enkelvoud) van die gees, en dan word 'n hele klomp gelys - klop dit?

Baie dinge om oor te kou.

Sien julle op die kongres!

DIE DOOD EN DIE HIERNAMAALS

Oom Joop de Vente

DIE DOOD

Die dood, 'n angswekkende sekerheid wat ons almal te beurt sal val, oud en jonk, gelowige of ongelowige. Maar is ons nie almal geneig, veral as jy nog jonk is, om dit so vêr as moontlik van 'n mens af te skuif nie? Is ons van harte gereed om, selfs terwyl ons nog jonk is, te sterwe?

Wat van die wat dan agterbly? Hoe verwerk ons dan die dood van 'n geliefde, 'n familie lid, 'n kerklid, 'n vriend of 'n kollega?

En dan die begrafnis. Moet ons begrawe of veras? Is blomme in die kerk, op die kis of selfs op die graf, toelaatbaar vanuit ons geloof?

Of handel ons maar na gewoonte of gereformeerd aanvaarbare praktyke? Waaruit put die wat agterbly hulle troos? Is daar 'n verskil in die verwerkings proses by die afsterwe van ouers, 'n vriend, direkte familie of 'n lewensmaat?

Mag 'n mens die graf nog besoek op byvoorbeeld spesiale dae? Indien nie, waarom sit ons dan nog 'n grafsteen op?

Hoe sien ons die dood as 'n gelowige teenoor 'n nie-gelowige?

Waar lê die verskil? Ons is mos almal sondaars? Is dit reg om by 'n begrafnis alleenlik die oorledene se goeie eienskappe uit te wys, en in hoevêre kan 'n mens gaan met die lofprysing van die oorledene?

Is die dood die einde van, of die begin tot?

Waarom moet 'n mens doodgaan? Waarom verlaat ons nie die wêreld met liggaam en siel nie, as ons dan moet doodgaan?

Die mens kommunikeer met God deurmiddel van gebede. Kan ons dan die Here vra om 'n boodskap aan 'n afgestorwe geliefde te gee?

Tot sover enkele gedagtes wat ons graag wil bespreek aangaande die dood.

DIE HIERNAMAALS

Wat is die betekenis van die woord "hiernamaals" ?

Wat gebeur as ons te sterwe kom? Wat gebeur met liggaam en siel? Indien daar skeiding kom, wanneer gebeur dit? Word dan bepaal of jy die ewige lewe met of sonder God sal deurbring?

Wat beteken die begrip "ewige lewe"?

Christus se verlosingswerk word bekroon op die oordeelsdag. Dan sal almal uit die dood opstaan en geoordeel word. Watter implikasies hou dit in vir beide gelowige en ongelowige?

Wat word bedoel met die term "nuwe Hemel en nuwe Aarde"? Gaan God die huidige Kosmos vernietig en 'n nuwe Hemel en Aarde skep, of sal dit 'n herstel wees na die tydperk van voor die sondeval?

Wat sal die uitverkorenes se taak op die Nuwe Aarde wees? Dink gerus na oor hierdie vraag. Wat dink julle wat julle vir ewig sal doen? 'n Laaste vraag: Het die Heilige Gees dan nog 'n taak op die nuwe Hemel en Aarde?

Die volgende boeke kan julle gebruik as voorstudie materiaal.

Die Bybel
De nieuwe Hemel en de nieuwe Aarde - dr. J van Genderen
Uitzien naar Jezus. – ds J Wesseling
Leven en Sterven - L Roorda
De Opstanding der Doden - dr. G J Streeder
Zullen Wij Onze Dooden Begraven - P Jasperse
Rondom het Levenseinde- dr. W H Velema
Gij hebt mijn rechterhand gevat - ds. D Los

Lekker lees en dink, sien julle by die Kongres.

JEUGKONGRES ’97 - ALGEMENE INLIGTINGSBLAD

1. **Werkswinkel onderwerpe** :
- Is die belydenisgeskrifte tydsgebonde?
- Seksualiteit : Verhoudings met die teenoorgestelde geslag
- Christen patriotisme in die nuwe Suid - Afrika
- Die dood en die hiernamaals
- Jou liggaam as tempel van God tov drank rook en eetgewoontes
- Die Christen as gebalanseerde mens tov werk/skool en kerk

2. **Gelde**
- R150 per persoon (JHB en PTA)
- R100 per persoon (Kaapstad)
- Indien jou **ouers betaal** en hulle betaal vir meer as drie kinders is die derde en meer halfprys.
- Kongresgelde is op die kampterrein onmiddelik betaalbaar.
- 20 % Rente/Adminfooi per maand sal gehef word op uitstaande bedrae.

3. **Benodighede**
- Bybel en Psalmboek
- Klere
- Badkamerbenodighede
- Kongresgelde
- Beddegoed
- Swemklere en handdoek
- Flits (opsioneel)

4. **Datums**
- 22 Desember tot 26 Desember 1997
- Aankoms tye 11h30 tot 14h30 22 Desember (Veilige parkering sal beskikbaar wees)
- As jy laat is moet jy wag vir die volgende boot wat 8h30 23 Desember sal aankom.

5. **Voorstudie matriaal**
- In die nuwe nasionale Jeugblad.
- Indien die blad nog nie gepubliseer is nie en jy soek die voorstudie matriaal kontak Esther of Aurelius by aurelius@global.co.za of by (011) 482-3452 vir 'n faks of E-pos.

VERJAARSDAE

Johannesburg:				17	Dirk de Jong
Desember	5	Idelet Kuyvenhoven		26	Maryke Hutten
	7	Johann Reyneke	Januarie	4	Gerjan Hagg
Januarie	16	Cobus Bron		7	Geert de Jong
				12	Astrid van der Sluis
Maranatha:				17	Arnoud v/d Bout
Desember	2	Axel Hagg		18	Marinus de Jager
	9	Gerda de Jager		29	Ferdinand Kerkhoff
	15	Alex van der Linden			

Kaapstad:			Januarie	3	Jopie van der Linden
Desember	9	Erik Raimond		18	Johan Snyman
	11	Dirk Boon		19	Helmut van Dalen
	19	Ronel van der Linden		20	Erik van Alten
	26	Johan Visser		24	Theo van der Vinne
	29	Magda Geleynse		24	Riana van der Lugt

(Ongelukkig het ons nie Pretoria se verjaarsdae ingekry nie. Ons hoop dat dit volgende maand sy verkyning sal maak)

TOEGANGSROETE NA DIE KONGRESTERREIN

(nog nie oorgeteken nie, maar sal nog gedoen word!)